



Doendinge vir Afrikaans

Nuusbrief van die Vriende van Afrikaans

Jaargang 26: Nummer 5: Desember 2021

Kersfees het hierdie jaar 'n bietjie vroeër vir die kinders in die Noord-Kaap gekom!

Die Vriende van Afrikaans en die Taalafdeling van die ATKV het in Oktober saamgespan om vier boektrommels, 'n voorleeswerkswinkel en 'n kreatiewe skryfwerkswinkel aan te bied. Die boektrommels is moontlik gemaak deur skenkings van die Dagbreek Trust

Op 18 Oktober 2021 vertrek ons na Keimoes en Alheit waar ons twee boektrommels skenk aan Keimoes Akademie en Alheit Laerskool. Ons het boekopvoeding gedoen en vir die kinders stories gelees.



Anzil gesels met die leerders by Keimoes Akademie.



Gerrie Lemmer lees vir die kinders voor.



Anzil, Chareldine en Gerrie saam met die leerders en skoolhoof van Laerskool Groblershoop.

Hier moes Anzil Kulsen, die skrywer en projekorganiseer by ons taalafdeling, aan die leerders verduidelik waar haar liefde vir boeke en stories vandaan kom. Hulle wou ook weet hoe skryf 'n mens 'n boek en wat jy moet doen om 'n boek te publiseer. Anzil skryf ook kinderboeke en het 'n passie vir boeke en stories en wil kinders lief maak vir stories.

Dinsdag 19 Oktober besoek ons Bloemsmond Primêre Skool en oorhandig 'n boektrommel, en Anzil bied 'n skryfwerkswinkel aan wat deur leerders en opvoeders by Saul Damon Sekondêr in Upington bygewoon is.

Op Woensdag 20 Oktober bied ons die voorleeswerkswinkel in Groblershoop aan en skenk ook 'n boektrommel aan die skool. Hier was die leerders so opgewonde om vir Gerrie Lemmer, ons uitvoerende hoof: kultuur, wat vir hulle stories voorgelees het te luister. Gerrie het die kinders vermaak met die storie – *Die Leeu wat skaam was*. Die kinders het later spontaan saamgebrul en het die storie baie geniet. Die belangrikheid van 'n pafiguur wat vir kinders voorlees is van onskatbare waarde. Hierdeur besef kinders dat lees belangrik is want pappa/oupa maak tyd vir lees en vir hulle. Ons was al enkele meters weg van die klaskamer toe ons nog steeds die kinders hoor brul. Die voorleeswerkswinkel was bygewoon deur ongeveer 30 grondslagfase opvoeders en ouers.



'n Divisie van die ATKV

Die VVA, WOW, AON, Doen en Leer en Prince Albert Community Trust werk saam om lees te bevorder

Die VVA het in Oktober, in samewerking met die bogenoemde organisasies, voorleeswerkwinkels en Doen en Leeropleiding in Prins Albert en Stellenbosch aangebied.

Die skenking van die boektrommels is moontlik gemaak deur die Afrikaanse Onderwysnetwerk. Die volgende skole het boektrommels ontvang: Groendal-, Newton-, Joostenberg-, Dal Josafat- en Wemmershoek Primêr.



Opvoeders van Prins Albert Primêr is besig om die praktiese opleiding van Doen en Leer toe te pas. Graad 3-leerders van Prins Albert Primêr wat die Doen en Leer in die klas gebruik.



Op die foto's is Chareldine van der Merwe (VVA), Dokka Swart (Doen en Leer) en Marlene Hendrickse en Fiona van Kerwel (WOW) saam met die opvoeders van die skole.



Doen en Leer langs die kus

Die VVA het die volgende paar weke opleiding in die Doen en Leer leesprogram in Stilbaai en Paternoster aangebied.



Die volgende skole het pakette en boeke ontvang: Melkhoutfontein Primêr in Stilbaai, Diazville- en St Augustine Primêr, Saldana Laerskool en Karitas Skool in die Weskus.

Die pakette en boeke was geborg deur die Afrikaanse Onderwysnetwerk en Sursum Corda 100 Welsynstrust. Ons is baie dankbaar teenoor die borge wat die projekte van die VVA moontlik maak sodat ons die behoeftes rondom lees kan aanspreek.



VVA pak ongeletterdheid, trommel vir trommel aan

Om 'n boek oop te slaan en te verstaan wat die woorde vir jou sê, is vir baie kinders maar 'n droom. Volgens die PIRLS- (Progress in International Literacy Study) verslag van 2016 kan 78% van Suid-Afrikaanse graad 4-leerders nie met begrip lees nie. 'n Derde van alle ouers vertel nooit vir hul kinders stories nie en nog 50% het nog nooit vir hul kinders voorgelees nie.

As jy dink dat lees die boustene vir alle leer is, dui dié syfers op 'n leeskrisis. Die Vriende van Afrikaans ('n afdeling van die ATKV) se boektrommelprojek is 'n lig in die donker vir baie wat nie toegang tot boeke het nie. Die idee van die boektrommel het gekom vanaf die VVA se vorige bestuurder, Amanda de Stadler, wat die eerste boektrommel in samewerking met Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument in 2004 in die Paarl aan 'n paar skole oorhandig het.

Chareldine van der Merwe, projekbestuurder van die VVA, sê lees is nie 'n luuksheid nie, maar 'n noodsaaklikheid. Volgens haar kan baie skole en mense nie boeke bekostig nie. Deur die boektrommelprojek bied die VVA die geleentheid dat kinders so vroeg as moontlik aan die wonder van woorde en lees blootgestel word.

Navorsing toon dat kinders tussen die ouderdom van 0 en 6 jaar die heel meeste leer, teenoor wat hulle in die res van hul lewens sal leer. "Dan kan daar mos nooit te vroeg met voorlees en lees begin word nie," sê Chareldine. Hulle wil graag sien dat eerste-, tweede-, en derdetalsprekers van Afrikaans toegang tot die regte boeke het en die vreugde van lees sal ervaar. Die VVA wil ook deur boeke kinders bemagtig en goeie waardesisteme aanleer. Geletterdheid en 'n liefde vir lees bevorder onafhanklike denke, leer 'n kind wat sy regte is, en maak van kinders empatiese wesens wat vir hulself kan sorg.

Om koste te bespaar, maar ook om 'n sinvolle, volhoubare impak te maak met boeke, opgeleide praktisyns en opvoeders wat agterbly om die werk voort te sit, bestaan die projek uit:

- 1 Die verspreiding van boektrommels en gepaardgaande boekopvoeding by 'n aantal kleuter- en laerskole
- 2 Voorleeswerkswinkels en 'n Doen-en-Leer-demonstrasie (vir opvoeders, ouers en ander belangstellendes)
- 3 Leesondersteuningsopleiding (Doen-en-Leer-leesprogram)
- 4 Leeskonferensies

Chareldine sê hulle probeer om al hierdie onderdele te ondervang wanneer hulle in 'n spesifieke gemeenskap werk, om die impak te vergroot, maar ook om koste te bespaar.



Op die foto is Chareldine en Annette saam met die WKOD en opvoeders van Dr. G.J. Joubert- en Rusthof Primêr.

Deur die projek word ongeveer 60 boektrommels per jaar aan goedbestuurde, geregistreeerde kleuterskole en grondslagfaseklasse versprei, op hierdie stadium meestal in die Wes-, Noord- en Suid-Kaap en ook in die Johannesburg-omgewing. "Ons wil volgende jaar ook fokus op die Vrystaat. Ons neem die trommels graag self en doen dan boekopvoeding en gesels met die kinders oor die waarde van lees en boeke," sê Chareldine. Die waarde van 'n trommel is ongeveer R8 500. Die gemiddelde aantal leerders per klas wissel tussen 40 en 60. Dit beteken dat sowat 4 000 leerders toegang tot boeke kry, wat beteken dat ongeveer 20 000 kinders oor vyf jaar bereik word. Chareldine sê hulle kry van tyd tot tyd versoeke van skole deur middel van verwysings en ATKV-takke en besluit dan so waar die nood is.

Danksy verskeie donasies, borge en vennootskappe kan die VVA jaarliks boektrommels versprei. Jy kan ook help om die wêreld van woorde vir baie kinders oop te sluit deur 'n bydrae aan die boektrommelprojek deur die ATKV se Woekerfonds te maak. Kontak gerus vir Cameron Smith by woekerfonds@atkv.org.za vir meer inligting oor die Woekerfonds.

Die VVA spreek geletterdheid aan



Geletterdheid is die vermoë om met begrip te lees en te skryf. Daar is ernstige gevolge vir 'n kind wat sukkel om te lees, Dis onvermydelik: 'n swak leser word 'n sukkelende leerder.

Chareldine van der Merwe van Vriende Van Afrikaans (VVA), 'n afdeling van die ATKV, en Dokka Swart van Doen en Leer streef daarna om die belangrikheid en liefde vir lees te kweek.

Hulle het twee van ons Ondersteuningsentrum-skole besoek – Sir Lowry's Pass Primêre Skool en Dr. G.J. Laerskool Joubert op 10 en 11 November. Dokka het die belangrikheid van ritme en balans vir kinders se leesontwikkeling verduidelik en hul leesprogram

gedemonstreer. Chareldine het die belangrikheid van lees vir kinders beklemtoon en 'n insiggewende voorleeswerkswinkel oor die waarde van boeke, lees en die statistieke rondom leesvaardighede gelewer. Die werkswinkels was bygewoon deur ongeveer 100 opvoeders.

Die Vriende Van Afrikaans het boektrommels (met 'n waarde van R8500 elk) aan drie (Dr. G.J. Joubert-, Rusthof, en Sir Lowry's Pass Primêr) van die skole geskenk gevul met pragtige Afrikaanse boeke en opvoedkundige speletjies. DANKIE!!!

Annette Botha (strongschoolsza@gmail.com of skakel 072 1899 360.)



Dokka besig met 'n demonstrasie van die Doen en Leer leesprogram.



Annette Botha (Strong Schools), Dokka Swart (Doen en Leer), Charlton De Morney, Skoolhoof – Sir Lowry's Pass Primêr en Chareldine van der Merwe (VVA).



Voorleeswerkswinkel by Dr GJ Joubert Primêr.



Opvoeders van Sir Lowry's Pass Primêr.



BRIEWE

Liewe Chareldine

Ek het pas weer die heerlike Leeskonferensie op verskeie maniere herleef: jou nuusbrief, die koerantberig wat ek vroegoggend daarvoor geskryf het en daarna die gesprek wat ek met die Duitse vrijwilligers aan die hand daarvan gehad het.

Maar dis nou nie al waarom ek vanoggend van my laat hoor nie. Gister toe pak ek die boeke wat jy saamgebring het Hoopsig toe mooi uit sodat ons hulle kan opskryf en op die rakke plaas. (Vervolg op bladsy 5)



Ná ek na 'n paar inskrywings voorin die boeke bekyk het, slaan dit my op my hart: Maar dis mos Johan Combrink se kinders se boeke. En net daar wil ek in trane uitbars.

Ek het Johan toe ek nog in Johannesburg gebly het baie goed leer ken deur die FAK en die ATKV – om die waarheid te sê, die Vriende van Afrikaans het ná een van ons vergaderings tot stand gekom. Johan het daarmee 'n groot vuur aangesteek. Hoe wonderlik dat dit steeds hoër brand en dat ons hier op Paternoster ná amper drie dekades steeds die vrugte daarvan pluk.

Baie dankie dat jy dié kosbare erfenis by Hoopsig 'n tuiste laat vind het. Ek en Shemoné sal mooi daarna omsien. Dit is 'n geskenk uit die hart uit.

Mooistes!

Joan Kruger

ip africa publishing

Beste Chareldine,

Baie dankie vir die nuusbrieff.

Waardering vir die groot werk wat julle in belang van Afrikaans doen.

Vriendelike groete

Hennie de Wet

Projekleier: Evaluering

Trust vir Afrikaanse Onderwys

Liewe Chareldine en Dokka,

Nogmaals baie dankie vir die aanbod van die voorleeswerkswinkel en die demonstrasie van die Doen en Leer program. Hierdie samewerking met julle was 'n wonderlike geleentheid vir Strong Schools om ons missie en visie prakties te kon uiteleef! Ek het vir ons nuusbrieff en facebook 'n artikel saamgestel – en soos met Chareldine bespreek is julle welkom om die inligting te gebruik.

Ons droom is om ook by ons skole leersentrums te begin, soos op jul www.doandlearn.site. Dit is iets wat ons met die skole gaan opneem en kyk hoe ons hulle hiermee kan ondersteun.

Ook spesiaal dankie aan die VVA vir die pragtige boektrommels wat julle geskenk het vir die laerskole, Sir Lowry's Pass, Dr. G.J. Joubert en Rusthof Primêr.

Ons hoop om mekaar weer binnekort te sien,

Vriendelike groete,

Annette Botha

Strong Schools Community Collaborative Administrator

Desember 2021

PRIMARY SCHOOL PRINCE ALBERT

Cnr School and Loop Street
P.O.Box 130
Prince Albert, 6930
Tel (023) 541 1980
Tel (023) 541 1005
E-mail: psprincealbert@gmail.com



PRIMÊRE SKOOL PRINCE ALBERT

H/v Skool en Loopstraat
Posbus 130
Prince Albert, 6930
Tel (023) 541 1980
Faks (023) 541 1005
E-Pos: psprincealbert@gmail.com

Onderrig van Doen en Leer

Ek is n Graad 3 leerkrag by bogenoemde skool wat Doen en Leer baie doeltreffend vind en met groot sukses in die klaskamer aanwend. Elke jaar ontvang ek leerders in gr 3 wat glad nie kan lees nie – vanjaar was dit 15 Leerders! Met die pandemie en leerders wat nogsteeds 50% skool bywoon – is die situasie erger as ander jare.

Ek wend my bloot tot Doen en Leer – en kon nog altyd leerders aan die lees kry. Van die 15 leerders van vanjaar – het ek 14 wat met groot sukses en trots uit n leesboekie kan lees. Die vyftiende leerder is kognitief erg gestrem en het ook groot sigprobleme – maar ook hy kan n goeie klompie woorde herken.

Vanjaar het ek 'n 10 jarige leerder – reeds haar 4de jaar in die fase – en wat toets as n 3 jarige – met Doen en Leer geleer lees. Wens jul kon dit beleef – die absolute trots en intense vreugde wat die leerder beleef en uitstraal. Sy kan verder geensins vorder – maar kan nie wag om mat toe te kom – haar woorde herken wat geflits word – klank woorde wat vreemd is (want sy ken haar klanke nou) en vir my die les wat tuis vasgê is – te kom lees. As n leerder Doen en Leer met sukses baasgeraak het – kan hul met die grootste gemak aangaan met die “goue leesreeks” – se Rooi Bal. Dis wel n baie ou leesreeks – maar hul voel so menswaardig, want hul kan nou lees.

Ook die Egra verbeter – hul herken al die Doen en Leer woorde tussen die sigwoorde. Ons hele graad merk die verbetering hier ook elke kwartaal op.

Doen en Leer is werklik n “wonderkuur” wat ons swakker leerders bemagtig en menswaardig laat voel en ons as opvoeders se harte warm laat klop!

Klasonderwyseres
Diana Koorts
Sel nr 0827616984
dianakoorts@gmail.com

Doendinge in Afrikaans

NUUSBRIEF

Redakteur: **Chareldine van der Merwe**

Assistentredakteur: **Mandie Ehlers**

Bladuitleg: **Plenti Creative**

ALGEMENE INLIGTING

Straatadres:

Cotillion Place, Technorylaan 22
Tegno Park Stellenbosch 7600

Posadres: Posbus 1209, Stellenbosch 7599

Telefoon: 021 880 1761/ 021 880 1743

Faksnommer: 021 880 1946

E-posadres:

Mandie Ehlers:

mandiee@atkv.org.za

Chareldine van der Merwe:

chareldinev@vva.atkv.org.za

Webtuiste: www.atkv.org.za

Koopdinge in Afrikaans

DIE VOLGENDE ITEMS IS BY DIE KANTOOR TE KOOP:

1. **Dubbel-CD:** Ou Vriende van Afrikaanse kunstenaars soos Laurika Rauch, Lucas Maree en bekende kore teen R100
2. **Voetslaankaart van Tafelberg in Afrikaans** geskep deur Peter Slingsby teen R20
3. **Pieter van der Westhuizen-huldigingsbundel** (277 pp. bladmusiek van gewyde musiek) teen R160
4. **CD: Vespers van Rachmaninof** in Afrikaans teen R120
5. **Basic Afrikaans – the top 1000 words and phrases** teen R135
6. **Joernaal van Jorik – in klank** (toonsetting deur Roelof Temmingh) teen R120
7. **Die Nagbiblioteek** deur Amanda de Stadler, 'n A3-formaat voorleesboek vir kinders onder 8 jaar teen R120

(R65 posgeld per bestelling moet ongelukkig gehef word)

Bank:

ABSA, Tjekrekening
Rekeningnaam: ATKV
Rekeningnommer: 0170166728
Takkode: 632005

Vir buitelandse inbetalings gebruik die volgende

"Swift Code": ABSA ZA JJ

As verwysing gebruik asb: VVA en die item (bv. naam van CD, gedenk bundel, boektrommel ens.) E-pos of faks dan net die bewys van betaling, naam en van en ook bedrag wat inbetaal word.



*Voorspoed
vir 2022!*